higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDING N4

(7080094)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

135Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Opvoedkundige ontneming ('educational deprivation') kan veroorsaak word deur … ⌘

A 'n swak selfbeeld
B 'n gebrek aan goeie skole
C egosentrisme
D emosionele probleme

1.2 … is een van die tekens dat 'n kind 'n leergestremdheid het.

A 'n Gebrek aan entoesiasme om te lees en skryf
B Stadige, lomp bewegings
C 'n Ondergemiddelde IK
D Moeite om oogkontak te maak

1.3 Die term *affektiewe* verwys na …

A kreatiewe
B fisiese
C emosionele
D sosiale

1.4 Breinkaarte ('mind maps') word gebruik as 'n … ⌘

A leerinstrument
B hulpmiddel om jou pad te vind as jy verdwaal
C instrument om verskillende denkprosesse te klassifiseer
D diagnostiese instrument

1.5 Moreel-normatiewe ontwikkeling verwys na …

A die ontwikkeling van kreatiewe vaardighede
B die vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd
C die vermoë om te sosialiseer
D taalontwikkeling

1.6 Die holistiese 'Whole Child' benadering bestudeer …

A die kind in geheel
B al nege ontwikkelingsaspekte ⌘
C al die kinders in die wêreld in geheel
D die kind se omgewing

Kopiereg voorbehou

1.7 As jy 'n bal wil skop, moet y goeie ... hê.

A selfbeheersing
B oog-hand-koördinasie
C fyn motoriese beheer ⌘
D oog-voet-koördinasie

1.8 Volgens Pavlov leer ons deur ...

A te memoriseer
B operante kondisionering
C in die omgewing te wees
D klassieke kondisionering

1.9 … is 'n eienskap van 'n begaafde kind.

A Om vinnig en effektief te leer
B Om altyd aan die gang te wees
C Om nie in staat te wees om by die res van die klas by te hou nie
D Om te sukkel om aandag te gee wanneer nodig

1.10 Die term *sosio-ekonomies* verwys na …

A die geld in jou rekening
B sosiale en finansiële omstandighede
C die ekonomiese situasie in 'n land ⌘
D die vermoë om te sosialiseer

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Sielkundige is 'n mediese praktisyn.

2.2 'n Optometris/Oogkundige toets die oë en skryf 'n bril voor.

2.3 Fisioterapeute behandel emosionele probleme.

2.4 Maatskaplike werkers hanteer sosio-ekonomiese probleme in die gemeenskap.

2.5 Psigiaters kan nie leerprobleme by kinders diagnoseer nie

2.6 As jy vir 'n gehoortoets gaan, besoek jy 'n oudioloog.

2.7 Opvoeders kan moontlike probleme by kinders identifiseer.

2.8 'n Arbeidsterapeut kan medikasie voorskryf indien nodig.

2.9 Pediaters werk hoofsaaklik met kinders. ⌘

2.10 Neuroloë is kundiges wat die brein en senuweestelsel ken.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

breinkaart; motoriese vaardighede; religieus; insig-leer; versterking; respons; outonomie; sluiting ('closure'); koördinasie; metakognisie

3.1 Glo in 'n Groter Wese ⌘

3.2 Die vermoë om dinge op jou eie te doen

3.3 Nog 'n woord vir *reaksie*

3.4 Kan help om leermateriaal te organiseer

3.5 Ken jou eie kognitiewe prosesse

3.6 Gebruik breinkrag om te leer

3.7 Vermoë om te beweeg ⌘

3.8 Die moontlikheid dat die gedrag weer sal voorkom, neem toe

3.9 Die vermoë om 'n prentjie in jou gedagtes te voltooi as detail ontbreek

3.10 Georganiseerde samewerking

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Kinders met 'n IK van minder as 70 word beskou as intellektueel gestremd.

4.1.1 Noem VIER moontlike oorsake van intellektuele gestremdheid. (4)

4.1.2 Identifiseer EEN van die faktore wat jy in VRAAG 4.1.1 genoem het wat voorkom kan word en staaf jou antwoord. ⌘ (2)

4.1.3 Noem VYF moontlike tekens wat kan dui op intellektuele gestremdheid by 'n jong kind. (5 × 2) (10)

4.1.4 Gee TWEE wenke aan opvoeders oor hoe om 'n gestremde kind in 'n dagsorgsituasie te stimuleer. (2)

4.2 Alle aspekte van 'n kind moet in gedagte gehou word om seker te maak dat die kind in die geheel ontwikkel.

Watter TWEE aspekte word in elk van die volgende situasies ontwikkel:

4.2.1 Die onderwyser noem die verskillende vorms: sirkel; vierkant en driehoek. ⌘

4.2.2 Die kinders speel saam buite op die klimraam.

4.2.3 Tydens morsige spel ('messy play') teken die kinders hul eie pragtige prente.

4.2.4 Die kinders het spesifieke tye vir toiletroetine en staan dan in twee lyne - een vir meisies en een vir seuns.

4.2.5 Die onderwyser lees 'n storie terwyl die kinders saam op die mat sit.

(5 × 2) (10)

4.3 Watter soort geheue word in elk van die volgende scenario's gebruik?:

4.3.1 Jy hoor die geluide buite die klaskamer en sien die plakkate teen die muur.

4.3.2 Jy probeer verstaan en sin maak van wat die dosent leer.

4.3.3 As jy 'n toets skryf, onthou jy die inligting wat jy die vorige dag geleer het. ⌘

4.3.4 Jou ouma onthou haar eerste skooldag.

4.3.5 Jy sien 'n kar se nommerplaat, maar kan dit later nie onthou nie.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.4 Die emosionele aspek is 'n belangrike aspek wat ontwikkel moet word.

4.4.1 Identifiseer DRIE aspekte wat positiewe emosionele ontwikkeling aanmoedig. ⌘

4.4.2 Noem DRIE praktiese idees om te verseker dat 'n kind emosioneel veilig voel in jou klas.

(2 × 3) (6)

4.5 Verduidelik die volgende terme wat in Skinner se leerteorie voorkom:

4.5.1 Versterking ('reinforcement')

4.5.2 Respons

4.5.3 Uitwissing ('extinction')

4.5.4 Spontane herstel

4.5.5 Stimulus ⌘

(5 × 2) (10)

4.6 Gee 'n sinoniem vir (woord met dieselfde betekenis as) die term *kognitiewe ontwikkeling.* (1)

[50]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die elemente in die prent hier onder en beantwoord die vrae.

Element 1: Dogter met pop en teddiebeer
Element 2: Seun met boublokke
Element 3: Seun met waentjie



[Bron: *www.google/images.co.za*]

5.1.1 By watter soort spel is die meisie in element 1 betrokke? Staaf jou antwoord. ⌘

5.1.2 Watter spiere gebruik die seun in element 2 as hy blokkies bou? Staaf jou antwoord.

5.1.3 Gebruik die seun met die waentjie in element 3 dieselfde spiere as die seun wat blokkies bou? Staaf jou antwoord.

5.1.4 Identifiseer TWEE geleenthede vir estetiese ontwikkeling.

5.1.5 Is daar enige geleentheid vir sosiale ontwikkeling? Staaf jou antwoord. ⌘

(5 × 2) (10)

5.2 Leerprobleme kan deur die volgende drie faktore veroorsaak word:
Die omgewing; Biologiese faktore; Faktore rakende onderwys

Identifiseer hierdie faktore in die volgende stellings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 Stres by die huis ⌘

5.2.2 Groot getalle leerders in die klaskamer

5.2.3 Minimale breindisfunksie

5.2.4 Diskriminasie deur die onderwyser

5.2.5 Moontlik oorerflike komponent

(5 × 2) (10)

5.3 5.3.1 Definieer intrinsieke motivering.

5.3.2 Definieer ekstrinsieke motivering.

(2 × 2) (4)

5.4 Identifiseer die soort motivering in die volgende stelling:

'Ek werk om aan die einde van die maand 'n salaris te kry.' (2)

5.5 Verduidelik hoe die volgende elemente (volgens Bandura se sosiale leerteorie) 'n rol speel in leer:

5.5.1 Aandag ⌘

5.5.2 Geheue

5.5.3 Motoriese beheer/aksie

5.5.4 Motivering

(4 × 2) (8)

5.6 Hiperaktiwiteit en ADHD is 'n toestand wat al hoe meer by jong kinders voorkom.

5.6.1 Skryf die afkorting AGHV ('ADHD') voluit. (2)

5.6.2 Definieer *hiperaktiwiteit.* (2)

5.6.3 Noem VYF moontlike tekens van hiperaktiwiteit. (5)

5.6.4 Gee VYF wenke vir 'n opvoeder oor hoe om haar benadering in die klas te verander om seker te maak die hiperaktiewe kind gee aandag en doen sy/haar werk. ⌘ (5)

5.6.5 Stem jy saam met die volgende stelling:

'Daar is mediese behandeling beskikbaar vir kinders met AGHV.' (2)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die illustrasie hier onder en beantwoord die vrae.



6.1.1 Watter soort leerinstrument word hier bo geïllustreer? (2)

6.1.2 Noem TWEE belangrike aspekte wat in hierdie instrument gebruik word om die brein se kreatiewe deel aan die leerproses te laat deelneem. (2)

6.1.3 Noem VYF redes waarom jy sal oorweeg om hierdie instrument te gebruik om jou leerwerk te organiseer. (5)

6.1.4 Verduidelik hoekom die woord HEALTH in die middel geskryf is. (2)

6.2 Kies die regte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.2.1 (Estetiese/Kreatiewe) verwys na die vermoë om skoonheid te waardeer.

6.2.2 Om inligting te stoor en herwin, is funksies van (leer/geheue).

6.2.3 (Oorerflikheid/Kultuur) verwys na 'n persoon se genetiese eienskappe.

6.2.4 (Omgewing/Bewustheid) is die omliggende omstandighede waarin ons grootword.

6.2.5 In die sielkunde verwys gewoontevorming na (die plek waar jy is/jou gewoond raak aan 'n stimulus).

(5 × 2) (10)

6.3 Noem en verduidelik TWEE praktiese voorbeelde van aktiwiteite om die volgende in 'n kind te ontwikkel:

6.3.1 Gender

6.3.2 Fisiese ⌘

6.3.3 Kognitiewe

6.3.4 Kreatiewe

6.3.5 Sosiale

(5 × 2) (10)

6.4 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Tumi is op kollege. Dit is al Maart en sy het nog steeds nie al haar handboeke nie. Een dosent het tien boeke wat sy in die klas hou sodat die studente dit kan gebruik. Die skoolhoof sê dit is die beursfonds se skuld dat hulle nie handboeke het nie, want die fonds het nog nie die geld aan die kollege oorbetaal nie. Die dosente is baie gedemotiveerd en dikwels afwesig. Die fotostaatmasjien in die OLC – die enigste wat vir die studente beskikbaar is – is buite werking en kan weens die tekort aan geld nie herstel word nie.

6.4.1 Identifiseer TWEE van Tumi se grootste probleme. (2)

6.4.2 Tumi is opvoedkundig ontneem/agtergestel ('educationally deprived'). ⌘

Verduidelik die term *opvoedkundig ontneem* in jou eie woorde. (2)

6.4.3 Hoekom dink jy is die dosente gedemotiveerd? (2)

6.4.4 Verduidelik die verskil tussen *gemotiveer* en ge*demotiveer.* (2)

6.4.5 As jy die hoof was, watter oplossing sou jy vir die volgende probleme hê:

(a) Die tekort aan handboeke

(b) Gedemotiveerde dosente

(c) Die fotostaatmasjien

(3 × 2) (6)

6.5 'n Dagsorgsentrum speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n kind.

Noem VYF eienskappe van 'n goeie dagsorgfasiliteit. ⌘ (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou